

Donderdag 12 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:1-6; HK Sondag 12, Antwoord 31

Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:1

Christus as Priester: Hy bid vir ons

Dit was ook die taak van die Ou-Testamentiese priesters om biddend en voorbiddend vir die volk by God in te tree. Ook hierdie priesterlike taak sou Christus op volmaakte wyse vervul, want Hy tree vir ons in by die Vader as ons Voorspraak en Advokaat (1 Joh. 2:1; Heb. 7:24). En ... so 'n Voorspraak het ons dringend nodig. Ons staan immers as skuldiges en aangeklaagdes voor God. Christus het egter God se straf op die sonde in ons plek gedra. Nou bestaan sy werk as Voorspraak daarin dat Hy God die Vader vra om al die sondes wat ons gedoen het en nog doen, ons nie toe te reken nie *omdat Hy Self op Golgota vir al ons sondes ten volle betaal het*. Daarom is sy voorspraak vir ons by die Vader nie net 'n wens of 'n begeerte wat Hy uitspreek nie, maar 'n *eis*. Op grond van sy soenverdienste *eis* Hy dat die Vader sy voorspraakgebede vir ons moet verhoor. Christus het reeds voor sy kruisiging vir sy volgelinge as voorbidder ingetree. So weet ons dat Hy aan Petrus gesê het: “*Simon, Simon! ... Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebed dat jou geloof jou nie begewe nie*” (Luk. 22:31, 32). Op grond van die versoening wat Christus nog aan die kruis sou volbring, het Hy, nog voordat dit gedoen is, gebed dat die Vader Petrus se geloof nie moet laat ophou nie. En die Vader het sy gebed verhoor: Petrus se geloof het hom nie begewe nie. Daarom kan ons wat ná die voltooide verlossing van Christus leef, nog sekerder wees dat sy versoeke vir ons deur die Vader verhoor sal word. Hoe wonderlik is dit nie om juis vir Christus as ons Voorspraak te hê! Hy is die *invloedrykste Voorspraak* wat ons kan kry, want Hy besit alle mag en invloed in die hemel en op die aarde (Matt. 28:18). Aan die ander kant is Hy die *simpatiekste Advokaat* wat ons kan kry, want daar is niemand wat ons nood en ellende beter ken as juis Hy nie. Omdat Hy, behalwe vir die sonde, presies net so 'n mens soos ons was, ken Hy ook ons swakheid, versoekings en stryd (Heb. 2:17, 18; 1 Joh. 3:5).

Christus is vandag nog ons Voorspraak by die Vader (Heb. 9:24). Voortdurend staan Hy pleitend tussen *God* wat die sonde nie kan verdra nie en *ons* wat die sonde nie kan nalaat nie. Hy bid vir ons as ons ver van God afgedwaal het en dit nie weet nie of wil weet nie. Hy bid vir ons as ons self opgehou het met bid of nie kan bid nie. Dit moet vir ons as kinders van God die vaste anker in ons lewe wees dat Christus vir ons 'n Voorspraak is wat voortdurend met sy voorbidding vir ons intree by die Vader.